

Jou aftrede begin ná deeglike beplanning

Nes die mier, moet ons betyds begin spaar vir aftrede

Nico van Gijzen



Raad met jou rande

Ek gesels die afgelope week met drie kollegas ter voorbereiding vir 'n projek oor aftredebeplanning waarmee ek doenig is. Ons praat oor die noodigheid van vroeg begin spaar, toe een wegval met "vergeet dit, mense werk 40 jaar lank, maar spaar net oor 20 jaar".

Dit is dalk so, maar wat dan belangrik is, is watter 20 jaar jy spaar? Die eerste of die laaste?

Dit is net die agtergrond vir my eintlike onderwerp vandag, die sogenaamde lewensfasemodel vir spaar vir aftrede.

Die lewensfasemodel word toegepas deur aftreefondse (maar ek sien dit ook in individuele finansiële raad). Dit beteken basies dat jy vroeër in jou loopbaan meer aggressief kan belê, byvoorbeeld in aandele en eiendom, en namate jou aftredatum nader kom, skuif jy meer geld in rentedraende instrumente, soos effekte en kontant.

Hoewel baie aftreefondse jou 'n keuse sal gee, plaas die "advies" wat gewoonlik daarmee gepaardgaan genoeg druk op lede om maar saam met die stroom te swem. Daar is min ruimte vir individuele oorweginge.

Kom ons kyk nou eers na my kollega se stelling en my kommentaar daaroor. As jy slegs 20 jaar wil spaar oor 'n tydperk van 40 jaar, moet jy mooi kies. Dis mos logies dat die eerste 20 jaar die belangrikste is.

Hier is die argument

In die eerste 20 jaar het jy kapitaal opgebou wat vir die volgende 20 jaar kan groei, al dra jy niks verder by nie. Die persoon wat in die laaste 20 jaar van sy werkslewe spaar, het nie daardie kapitaal nie.

Hy begin van niks. Sy eerste premie groei 20 jaar lank. Die laaste premie



Nico gesels aftrede-geldsake in Pretoria

'n Huisie by die see? 'n Kothuis in jou kinders se tuin? 'n Aftree-oord?

Verblyf ná aftrede is onder die kwessies wat Riana de Lange, senior sakeverslagger, en Nico van Gijzen by die Everest Wealth Lewe Plus Ekspo in samewerking met *Rapport*, *Beeld* en *Netwerk24* bespreek.

Nico en Riana is op Sondag 11 Junie om 14:00 op die verhoog by The Maslow, Time Square, in Pretoria. Hulle sal na 'n verskeidenheid sleutelkwessies kyk en oor die foute gesels wat mense geneig is om te maak. Dit geld ook mediese koste as mense ouer raak en hoe om onder meer te beplan vir 'n gade wat versorging nodig het, terwyl die ander nog onafhanklik is.

Om 10:30 Sondagoggend gesels dr. Sulette Ferreira, 'n familierapeut wat spesiaal

liseer in berading rondom emigrasie, hier met Liezel de Lange, van *Rapport* oor die effek van emigrasie op die familie wat agterbly.

Inge Kühne, *Rapport* se redakteur, gesels om 12:00 met Tim du Plessis, oudredakteur van *Rapport*, en Ryk van Niekerk, aanbieder van *RSG Geldsake* en redakteur van *Moneyweb*, oor die land se politiek en ekonomie.

Op Saterdag 10 Junie lei Barnard Beukman, *Beeld* se redakteur, en Henriëtte Loubser, hoofredakteur van *Netwerk24*, gesprekke oor onder meer finansiële beplanning, mediese fondse en 'n gesonde leefstyl.

■ Bespreek jou kaartjie by www.tix-sa.co.za, stuur 'n e-pos na tanya.schoeman@media24.com of bel Tanya tydens kantoorure by 011 713 9276.

groei bykans niks nie en dan moet hy aftree.

Hier is die syfers

Kosie en Jannie wil albei R10 miljoen hê by aftrede. Albei is 20 jaar oud. Elke spaar net vir 20 jaar. Beleggingsopbrengs is 10% per jaar. Die maandelikse spaarbedrag styg nie.

■ **Die eerste 20 jaar:** Kosie se premie is R1 941 per maand. Ná 20 jaar het hy R1 486 437 gespaar, wat op belegging vir hom oor die volgende 20 jaar ietwat meer gee as R10 miljoen. Totale premies gespaar: R465 840.

■ **Die laaste 20 jaar:** Jannie daarenteen moet R13 060 per maand spaar in sy 20 jaar. Totale premies gespaar: R3 134 400. Wil iemand met my stry dat dit beter is om vroeër te begin spaar vir aftrede?

Jou ouderdom bepaal nie noodwendig jou belegging nie

Wat my bring by my vraag oor die lewensfasemodel.

Maak dit sin om in die stadium van jou

lewe, juis wanneer jy met goeie dissipline 'n lekker aftree-neseier bymekaar gemaak het, juis wanneer jy die beste waarde kan kry uit groei op groei (of rente op rente vir diegene wat nog van rente praat, pleks van groei), jou geld aan fondse met 'n laer groeiopbrengs te gaan blootstel?

Ek sien dit nie net met werkgewer-aftreefondse nie, ek sien dit met individuele beleggingsadvies. Ouer mense moet meer konserwatief, selfs alles in 'n geldmarkfonds, belê. So asof ouer mense nie beleggingsgroeï nodig het nie. So asof ouer mense nie ook inflasie aan hul bas kan voel nie. Kortliks, die lewensfase waarin jy jou bevind, bepaal volgens dié model dus jou beleggingstrategie. Anders gestel, jou ouderdom bepaal dus jou beleggingstrategie. Ek verstaan die argument daaragter. Dit beskerm jou kapitaal.

Maar jy moet aan groeiopbrengs. So raak jy armer (ja, en jou kinders erf minder). Maak dit sin?

Wat is die ergste wat kan gebeur? Wat is die risiko wat die voorstanders van die

Maak tog seker jy eindig nie ná aftrede op met niks nie.

lewensfasemodel probeer hanteer?

Gestel die aandelemark vat 'n duik suidwaarts hier kort voor aftrede en die kapitaal waarop jy gehoop het om jou pensioen mee aan te koop, is nou minder. Die gevolg? Jy moet 'n kleiner pensioen koop.

Is die argument geldig?

Kom ons sê jy koop met jou aftreegeld by aftrede 'n lewende annuïteit, dan "koop" jy eintlik niks. Jy herbelê bloot jou geld in 'n ander produk, die lewende annuïteit. Daar is geen "prys" waarop ooreengekom word - jy betaal dit vir dat - nie.

Jy herbelê jou geld en jy kan dieselfde fondse gebruik as wat jy in jou aftreefondse of uitree-annuïteit gehad het. As die mark dus geval het kort voor aftrede, koop jy mos maar net weer in in die laer mark, nie waar nie? En jy trek voordeel ná die draaislag wanneer die mark weer styg. Hoekom dan vyf jaar of tien jaar se groei inboet as dit so maklik gedaan en hoopelik vir 'n paar raadgevers ook verstaanbaar is?

Koop jy 'n gewaarborgde lewensannuïteit, sal die lewensfasemodel sin kan maak. Maar as jy jousef in so 'n situasie gaan bevind en die mark het geval hier kort voor aftrede, is daar niks wat jou keer om eers te skuif na 'n lewende annuïteit en as jou fondswaarde is waar dit moet wees, dan die lewensannuïteit aan te koop nie. Jou belegging sal in elk geval nie so saamgestel wees dat alles in aandele sal wees nie. Dit is eerstens dom en tweedens beperk regulasie 28 van die Wet op Pensioenfondse (Wet 24 van 1956) jou aandeel-blootstelling. Daar sal fondse wees wat nie so blootgestel was nie, doen jou pensioen-onttrekkings uit daardie fondse.

Dit gaan primêr oor jou en jou omstandighede. Oor jou vermoëns. Nie jou ouderdom nie.

■ **Nico van Gijzen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan nico@finlac.com.**